Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, September 05, 2021

Page: 16

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**



# Trusts nié daar vir belastingspeletjies

## Annuïteite bied veel minder kopsorge wanneer dit by beleggings kom

Ek wil vandag kyk na 'n uittree-annuïteit (UA) teenoor 'n trust as 'n beleggingsvoertuig, veral met die klem op belasting, ná 'n leser se vraag of hy sy UA kan oorplaas na sy familietrust om op boedelbelasting te bespaar.

Die antwoord is nee.

'n Trust en 'n UA is twee stukke gereedskap in finansiële beplanning. Elkeen se rol is anders, soos 'n hamer en 'n skroewedraaier.

'n UA is 'n goeie instrument om voorsiening vir jou aftrede te maak. Die klem is op "jou". En wel op 'n belastingvriendelike manier.

'n Trust is 'n instrument waarmee jy bates aan jou trustees kan oordra om te hou en te bestuur tot voordeel van 'n "ander", die trustbegunstigde. Die klem is op "ander". En dit is vol belastingslaggate.

Goed, met dit uit die pad, kom ons kyk na belasting. Eers net boedelbelasting.

Bates, ingesluit beleggings, wat in trust gehou word, val normaalweg nie in jou boedel vir boedelbelasting wanneer jy die dag sterf nie. Dit is bitter eenvoudig gestel, want daar is 'n rits voorwaardes en slaggate wat jou planne erg deurmekaar kan maak.

Jou belegging in 'n UA is uitgesluit van boedelbelasting by jou dood. Jy gee ook nie jou geld weg aan 'n trustee soos in die geval van 'n trust nie. Jy spaar vir jouself. Daar is ook nie soveel voorwaardes en slaggate nie. Eintlik is daar niks.

Behalwe dat bydraes tot 'n UA wat meer is as dit wat jy jaarliks kan aftrek vir inkomstebelasting (die hoogste van R350 000 of 27,5% van inkomste) wel vatbaar is vir boedelbelasting.

Ek kom terug na dié punt.

Anders as met 'n UA, waar jy jou spaargeld binne die perke genoem vir belasting kan aftrek, is die geld wat jy deur middel van 'n trust spaar onderhewig aan geskenkbelasting (20% of 25% as dit meer is as R30 miljoen). Dit is omdat jy dit weggee (aan die trustee).

Jy kan dit probeer vermy deur die geld aan die trust te leen, in welke geval die uitstaande leningsrekening wel 'n bate in jou boedel is vir boedelbelasting.

Met 'n UA het jy glad nie die geskenkbelasting probleem nie. En dit wat jy meer gespaar het as wat jy kon aftrek, soos ek hierbo noem, kan vir jou ná aftrede 'n belastingvrye inkomste bied.

### En inkomstebelasting?

Die beleggingsgroei in 'n trust is belasbaar. Trusts betaal inkomstebelasting teen 45% en kapitaalwinsbelasting (KWB) teen 36%. In die UA is daar geen belasting op die beleggingsgroei nie. Nêrens en nooit.

Sommige sal jou vertel om die belasbaarheid van inkomste (beleggingsgroei) in die trust te hanteer kan jy, soos die wet toelaat, die inkomste aan 'n begunstigde toeken in dieselfde jaar as wat dit verdien is. Op dié manier word die begunstigde belas en wel teen die normale belastingkoers, wat natuurlike persone geld, tussen 18% en 45% op inkomste en 'n maksimum van 18% aan KWB.

Wat nie altyd gesê word met hierdie soort "belastingbeplanning" nie is dat die begunstigde in so 'n geval 'n gevestigde reg op daardie deel verkry. Prakties geniet dit dan nie meer die beskerming wat 'n trust bied nie.

Vra jouself gerus ook die vraag: Hoekom sal 'n trustbegunstigde inkomstebelasting en KWB betaal op beleggingsgroei in die trust sonder dat hy of sy die voordeel van daardie inkomste kan gebruik?

Goed, dis die belasting in lewe. Wat gebeur by dood?

Met 'n UA is die geld vrygestel van boedelbelasting, soos ek hierbo noem.

Die geld is beskikbaar vir 'n begunstigde om óf in kontant uit te betaal óf as 'n maandelikse inkomste. Belasting op so 'n kontantonttrekking deur 'n begunstigde word bereken of dit jyself is wat die vorige dag uitgetree het en teen die koers ter sprake vir kontantbedrae uitbetaal. Dit is 36% belasting op alles bo R1 050 000.

Die pensioen word belas as inkomste volgens die heersende belastingskaal.

Geld in 'n trust is 'n ander storie. As daar nie 'n uitstaande leningsrekening is nie, val dit buite jou boedel en kan dit belastingvry aan begunstigdes uitkeer volgens die bepalings in die trustakte. 'n Groot slaggat egter is dat die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) bepaal dat bates (beleggings ook) in 'n trust waaroor die trustoprigter beheer kon uitoefen tot sy voordeel, wel in sy boedel opgeneem mag word vir boedelbelasting.

En dit, wat my betref, geld die meeste trusts. Mense kan dit eenvoudig nie in hul kop kry dat bates wat aan 'n trust oorgedra is, nie meer aan hulle behoort nie. Ek skiet nie trusts af nie. Gebruik dit net vir waarvoor dit bedoel is, en nié om belastingspeletjies te speel nie.

As jy wel gebruik maak van 'n trust om beleggings in te hou, oorweeg dit gerus om 'n polis te gebruik as onderliggende bate. Die belasting word dan binne die polis gehef teen 'n baie laer koers (30% op inkomste en 12% aan KWB). En ná vyf jaar kan 'n belastingvrye inkomste geneem word.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000, of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.